

## Sondag, 10 Januarie 2021

### Fokusteks: Psalm 29

Toe die geweldige donderstorm losbars, gaan seek 'n ma haar dogtertjie in die huis, net vir ingeval sy dalk bang is en bietjie troos nodig het. Groot was haar verbasing toe sy haar reg voor die kamervenster kry. "Wat maak jy voor die venster?", vra sy haar dogter. "Mamma, ek glimlag vir Jesus. Hy neem foto's van my!" Nou ja, mens sou nooit kon dink dat die dogtertjie die Here se teenwoordigheid deur 'n donderstorm sou ervaar nie.

Ons vind dieselfde ervaring in Psalm 29. Die verskyning van die Here word as 'n donderstorm beskryf wat met aardbewings gepaard gaan. Sewe keer lees ons van die "stem van die Here" wat nie net gehoor word nie, maar ook geweldige dinge doen. Die sewe keer beklemtoon die grootsheid en krag van die Here. Daardeur wil die psalmskrywer dit op die leser se hart druk dat daar niks en niemand is wat met God vergelyk kan word nie. Hy is groter as almal en verhewe bo alle magte wat daar in die hemel, op die aarde en in die natuur is.

Na alle waarskynlikheid is hierdie psalm 'n verwerking van 'n ou Kanaänitiese gedig waarin die Baälgod vereer word. Baäl is dikwels uitgebeeld as die god van onweer en donder, reën en hael. Weerlig is gesien as 'n spies waarmee hy deur die wolke flits en die aarde tref. Dit kom daarop neer dat natuurverskynsels as goddelike kragte beskou en aanbid is. Die skrywer is eintlik besig met 'n stuk sendingwerk onder sy heidense bure. Hy vervang nie maar net die naam van Baäl met Jahwe nie, maar dui ook aan dat God beheer het oor alle natuurkragte. Slegs Hyself het goddelike krag. Nie Baäl of enige ander afgod nie. Hy tem die chaos met sy stem, Hy heers daaroor. Dit is die Here wat reën gee, nie Baäl nie. Die Here se naam kom 18 keer voor in hierdie 11 verse, 'n aanduiding van sy oppermag. So asof die skrywer wil seker maak dat daar nie enige verwarring is oor Wie dit nou eintlik in hierdie psalm gaan nie!

Aan wie word hierdie woorde gerig? Wie moet dit lees en van die inhoud kennis neem? Ons lees reg aan die begin dat al die "hemelinge" die grootheid en mag van die Here moet prys. Daar is verskeie opvattinge oor wie hierdie "hemelinge" regtig is. Sommige reken dis 'n soort hemelse troonsaal waar engele opgeroep word om God se eer rondom sy troon te besing. Ander dink weer dit kan aardse konings beteken, met ander woorde, almal wat in een of ander belangrike gesagsposisie staan. Nog ander menings is dat dit selfs verwys na die Kanaänitiese afgode wat voor God die knie moet buig. Wel, dit maak eintlik nie saak wat die presiese aard van die sogenaamde "hemelinge" is nie. Wat belangrik is, is dat God altyd sentraal moet staan in die geskiedenis van die mensdom. Hy is die hoogste gesag wat daar is - ons Maker, die Skepper van alle dinge en mense. Daarom moet alles en almal aan Hom die eer gee vir sy grootheid.

Die fokus verskuif vanaf 'n oproep in verse 1-2 om God te prys na die redes waarom Hy geprys moet word. Dit word besonder beeldryk in verse 3-9 beskryf. Heel eerste is daar 'n verwysing na die stem van die Here wat weerklink op die groot waters. As die donderslae begin dreun, klink dit vir die skrywer soos God wat praat. Die antieke beskawings het geglo dat die watermassas 'n bedreiging is vir mens en dier wat op die vaste grond leef. Daar is sommige wat selfs gedink het die wêreld dryf op die water. Dit beteken die vaste grond is uitgelewer aan die wilde, ontembare storms op see en mere. Watervloede kan lewens uitwis. Mens kan nie anders as om aan die vloedverhaal in Noag se tyd te dink nie. Dit moes 'n ontsagwekkende ervaring gewees het vir Noag en sy familie om dit te beleef en aanskou. Die groot waters is nie jou vriend nie, maar 'n aanstormende vyand.

In die lig hiervan bely die psalmdigter dat die Here sy troon op hierdie waters gaan vestig. So lees ons in v.3 ... *die Here self is op die groot waters!* En v.10 - *Die Here heers oor die watermassas...* Die watermassas en vloede is as 'n ontembare krag beskou. Maar God gebruik sy mag om die ontembare te tem. Hy kan die

vloed laat kom soos met Noag, en Hy kan die stormsee stil maak as die dissipels angsbevange is omdat hulle besig is om met hul skip te vergaan. Die watermassas moet luister na sy stem.

Nou volg daar verdere beskrywings van dinge wat normaalweg as vas en onbeweeglik beskou is. Vers 5 verwys na die sederbome van die Libanon. Dit is bome met baie dik stamme wat geweldig hoog kan groei. Dit kan storms en wind weerstaan. Hierdie seders was vir die Jode 'n simbool van vastigheid en krag. Iemand wat 'n onbesproke karakter het is gewoonlik met 'n sederboom vergelyk. Die stem van die Here is egter soos 'n weerligstraal wat sulke bome eensklaps in die middel kan oopkloof en laat omval. Die Libanon en Sirjon (Hermonberg) waarna vers 6 verwys is van die grootste berge in die omgewing. Berge is 'n metafoor van onbeweeglikheid. Dit staan stewig gevestig op die aarde. Dit kan nie rondgeskuif word nie. Maar God se stem is soos aardbewings wat die berge laat rondspring en huppel soos jong kalwers in die veld.

Die Jode sal onthou hoedat die Here met hul voorgeslagte só verskyn het by die berg, Sinai. Dit is waar Moses die berg opgegaan het om die 10 gebooi te ontvang. Ons lees in Eksodus 19:18-19

*<sup>18</sup>Die hele Sinaiberg het begin rook toe die Here in vuur daarheen afkom; die rook het opgetrek soos die rook van 'n oond. Die hele berg het ook geweldig geskud, <sup>19</sup>en die geluid van die ramshoring het al hoe harder en harder geword. Moses het gepraat, en God het hom in die donderslae geantwoord.*

Selfs die woestyn bewe voor die stem van die Here. Die wildsbokke ruk soos hulle skrik. Al hierdie verwysings na die natuur is om een saak baie duidelik te maak: niks kan staande bly voor die magtige stem van die Here nie! Sover soos wat die stem van die Here weergalm, van die groot, skuimende waters tot die berge, deur die woestyn en weer terug, sover strek die groot krag van die Here. Die getuienis van die natuur beklemtoon die waarheid dat slegs Jahwe die ware en magtige Koning is. Niks en niemand kan Hom onttroon nie. Vers 10 beaam dit: *Hy heers vir altyd as koning.*

Wat beteken hierdie Psalm vir jou en my? As jy by God skuil, hoef jy niks te vrees nie. Hierdie groot en magtige Koning sal jou vashou in alle omstandighede. As sy stem die natuur kan beheers, dink net hoe veilig jy in sy hande is. Daar is niks wat jou uit sy hand kan ruk nie. Beteken dit dat daar geen probleme of hartseer oor jou pad sal kom nie? Nee, dit is nie die bedoeling van die Psalm nie. Selfs Jesus sê in Mat.6:34 dat elke dag genoeg bekommernis en moeilikheid van sy eie bring. Wat wel vasstaan is dat God in daardie bekommernis en moeilikheid teenwoordig sal wees met sy liefde en genade. Jy sal nooit sonder God wees nie. En as jy moet sterf, sal Hy ook dáár wees. *Of ons lewe en of ons sterwe, sê Paulus, ons behoort aan die Here (Romeine 14:8).*

Ja, selfs die dood moet voor God se stem swig. Jesus is immers God se Woord, sy stem, wat in Jesus mens geword het. Dit is as't ware die stem van die Here wat deur Jesus vir Lasarus uit die graf roep. Ons lees in Johannes 11:43 hoedat Jesus met 'n "harde stem" geroep het: *Lasarus, kom uit!* Dit is die stem van die Here van Psalm 29, wat hier tot aksie oorgaan. Die dood moet die knie buig voor die Koning van die heelal, dit moet die stem van die Here gehoorsaam en die graf laat oopgaan sodat Lasarus kan uitkom. Dit is dieselfde krag van God wat die swaar klip voor die graf van Jesus laat wegrol en Hom uit die dood se boei losmaak. Dit is dieselfde stem wat Jesus opgewek het wat ook aan jou die lewe kom toesê.

Ons kan nie anders as om te reageer soos die digter van Psalm 29 nie. In vers 9 staan dit: *In sy paleis roep almal uit: Hoe geweldig!* Jy sou die lofprijsing ook kon vertaal met "Heerlikheid!" of "Ere!" Dit behoort die geloofsreaksie van die kind van God te wees. 'n Lewe van lofprijsing en eer aan die almagtige God by wie jy kan skuil.

En nou kom die wonderlike versekering in vers 11 - *Die Here gee krag aan sy volk; die Here seën sy volk met oorvloed (vrede - 1953 & Bybel 2020-vertalings).* Hierdie "oorvloed" of vrede het ons reeds in Christus

ontvang. Psalm 29 begin met 'n oproep tot alle hemelinge om die eer en mag van God te prys met sy heilige verskyning. Die Psalm kry nuwe betekenis met die verskyning van die Christuskind. Dié dag toe Hy gebore is. Dié dag toe God se magtige stem mens geword het. Toe was dit inderdaad 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê:

*Eer aan God  
in die hoogste hemel,  
en vrede op aarde  
vir die mense in wie Hy  
'n welbehae het!* (Lukas 2:14)

God praat steeds vandag nog met ons, en Hy is steeds by sy skepping betrokke. God gebruik sy magtige stem om sy kinders te dien. Die vrede wat Hy in Jesus aan ons geskenk het is kragtig, en dit sal ons in alle omstandighede versterk.

Die Engelse predikant, Charles Spurgeon, het gesê jy moet Psalm 8 lees wanneer jy onder 'n oop sterrehemel staan en jou verwonder aan God se grootheid in sy skepping. Maar wanneer die donderstorm losbars moet jy Psalm 29 lees. Dan sal jy verstaan. Soos die dogtertjie voor die venster.

#### **Gebed** (Liedboek 199)

Loof die Here uit die hemel,  
loof Hom deur wie ons bestaan;  
loof Hom eng'le, hemelwesens,  
loof Hom son en prys Hom maan.

Loof die Here alle volke,  
loof Hom alles wat bestaan;  
loof Hom weerlig, sneeu en wolke,  
loof Hom meer en oseaan.

Loof Hom konings, alle vorste,  
almal wat op aard' regeer;  
loof Hom kinders, mans en vroue,  
loof Hom almal, buig jul neer.  
*Kom en loof Hom, kom en prys Hom,  
Roem sy Naam, kom loof die Heer!*